

VARIASIE IN DIE AFRIKAANSE TAALGEBRUIK VAN LEERLINGE AAN 'N NAMAKWALANDSE HOËRSKOOL

Petrus Johannes Lerm

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium
(Toegepaste Linguistiek) in die Departement Engelse Taal- en Letterkunde aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Mnr. H.G. Van Wyk

Potchefstroom

1997

INHOUDSOPGAWE

Abstract	iv
Hoofstuk 1	1
Inleiding	1
Navorsingsdoel	3
Metode van ondersoek	3
Standaardtaal en dialek met verwysing na taalgroepe in Afrikaans	4
Standaardisasie	5
Dialek	9
Minderhede/Meerderhede	12
Hoofstuk 2	16
Die rol van geografiese isolasie	16
Hoofstuk 3	31
Ondersoek in die klaskamer en vertolking van die data	31
Die gebruik van ge- om verlede tyd aan te dui	31
Pleonasmes	32
Se- konstruksies	33
Voegwoorde	34
Voorsetselgebruik	35
Opvallende woordgebruik	35
Uitdrukkings	36
Idiomatiese "taalskeppings" wat eie aan Namakwaland is	38
Hulpwerkwoorde	39

Omgekeerde woordorde (Inversie)

40

Hoofstuk 4

41

Interpretasie en bevindings

41



Bronnelys

43

ABSTRACT

This study investigates the difference between standard and non-standard language with special reference to the dialect of Afrikaans spoken in Namaqualand. The concepts dialect, variation, standard and non-standard language are defined and an analysis is given of the relevant sources on these matters. An independent study over the period of a year was conducted in which the spoken and written communication of a hundred high school pupils in Namaqualand was monitored. The investigation showed that there are a number of specific deviances from standard Afrikaans found in the phonetic, lexical and syntactic realms of the language used by the pupils. These deviations from standard Afrikaans belonging to the Namaqualand dialect were grouped into a number of specific categories which can be seen as rulebound, therefore indicating that Namaqualand Afrikaans shows certain rulebound differences from the standard language.

HOOFSTUK 1

Inleiding

Volgens Milroy & Milroy (1991:22) word absolute standaardisasie in taal nooit vermag nie. Abstrak kan dus van standaardisasie as ideologie gepraat word. Standaardtaal is 'n stel abstrakte norme waaraan werklike taalgebruik in 'n minder of meerder mate gehoor kan gee. As taal egter nie gestandaardiseer word nie, sal dit opbreek in dialekte wat mettertyd onderling feitlik onverstaanbaar sal wees. Geografiese en sosiale skeidslyne dra daartoe by dat 'n taal opgebreek word in dialekte wat mettertyd onderling feitlik onverstaanbaar kan raak. Gewoonlik gebeur dit egter dat een van die dialekte (dominante ekonomiese groep of grootste groep se taalvorm) gebruik word as standaardvorm van die taal. Dikwels aanvaar iemand wat 'n ietwat ander vorm van uitspraak van 'n woord of woorddeel gebruik, dat sy aanhoorders dit ook so gebruik. Dit lei maklik tot misverstande. Min aandag word dikwels deur taalnavorsers aan interdialektiese misverstande gegee omdat niestandaardvorme van gebruik gewoonlik geïgnoreer word (Milroy & Milroy, 1991:25). Die mislukking van baie werkersklas kinders op skool is volgens Basil Bernstein (Milroy & Milroy, 1991:49) toe te skryf aan die onvermoë om in te skakel by die standaardtaal omdat baie kinders nie toegang daartoe gehad het nie. In stedelike agterbuurtes en ook afgeleë plattelandse gebiede waar 'n afwykende sosiale dialek bestaan, kan dit soms gebeur dat die standaardtaal vir daardie mense amper 'n vreemde taal of kwasi-vreemde taal is (Hagen, 1981:17).

Taalpolitieke en ideologiese kontroversies rondom die probleem van sosiale agtergrond, taalverskille en funksionering van skole het lank verhinder dat die vraag oor in hoeverre dialeksprekende kinders die standaardtaal beheers, beantwoord word. Ondersoeke wat gedoen is in o.a. Nederland en Amerika het 'n sekere Mc David (Hagen, 1981:17) genoop om te sê dat in baie dialeksprekende gebiede die standaardtaal amper as 'n vreemde taal ondervind word en dat dialeksprekende kinders probleme ondervind om take in die standaardtaal te lewer. Volgens Odendal (1992:21) word daar beweer dat die kind wat met 'n ander variëteit as die standaardvariëteit van sy moedertaal na die skool kom, ernstig benadeel word. So 'n

kind moet as't ware 'n tweede taal as moedertaal aanleer. Die sterk invloed van die tuisdialek het ook uit 'n ondersoek in Amerika met sinsrepetisiestudies geblyk (Hagen, 1981:20). Dit kom daarop neer dat die dialekspreker modelsinne in die standaardtaal eers "vertaal" wanneer hy hulle moet produseer. Dit gebeur omdat hy die informasie herroep soos dit in sy semantiese geheue voorgestel word. Veral by jonger kinders (7 - 12 jaar) is die dialek dominant.

Struktureel gesien, geld vir die meeste dialek/standaardtaal-situasies die aanname dat die T 1 (dialek) deel uitmaak van die diasisteem waartoe ook die T 2 (standaardtaal) behoort. Dit beteken dat 'n fundamentele ooreenkoms bestaan tussen T 1 en T 2 en dat die verskille tussen hulle slegs gedeeltelik en subtiel is. Die geringe verskille tussen dialek en standaardtaal lei egter tot hoë persentasies interferensiefoute (Hagen, 1981:20).

Ons moet egter onthou dat standaardtaal eintlik net 'n dialek is met 'n besondere prestige. Die dialek mis egter sekere funksies van die standaardtaalfunksies soos formaliteit en skriftelikheid.

Standaardtaalvaardigheid van dialeksprekende kinders word geken-merk deur 'n besondere vorm van ongelykmatigheid (assimmetrie) tussen die vaardighede om in te neem en om te produseer. Die probleem is in hoe 'n mate daar 'n ongelykmatigheid is tussen die vaardighede om in te neem en te produseer by dialeksprekende kinders; in hoe 'n mate word die voortbring van taal deur kodewisseling tussen dialek en standaardtaal beïnvloed. Dit is 'n probleem vir die dialekspreker en dit vorm die kern van taalleerprobleme wat dialeksprekende kinders ondervind. Baie van die geringe verskille tussen dialek en standaardtaal lei tot 'n hoë persentasie interferensiefoute. Dialekte toon dikwels 'n gebrek aan die funksies van formaliteit en skriftelikheid. Modelsinne in standaardtaal word deur die dialekspreker in nie-standaardtaalvorm weergegee (Hagen, 1981:20-33).

Geen taalkommissie kan werklik vaste reëls in verband met taal vaslê nie; mense besig die taal soos dit natuurlik by hulle opkom. Dit is by uitstek die geval met die Namakwalanders - hulle taal is so beeldryk dat dit deur geen reëls gebind kan word nie (Beukes, 1994:44).

Navorsingsdoel:

Die doel met hierdie studie is om die verskille tussen Namakwalandse en Standaardafrikaans soos in die klaskamer gebruik te identifiseer en op te teken

Metode van ondersoek

- (I) 'n Literatuurondersoek van beskikbare bronne oor die onderskeid taal en dialek en data oor die Namakwalandse taalgebruik is gedoen.
- (ii) Tweedens is 'n eie ondersoek in die klaskamer geloods om die taalvariasie van die leerlinge te monitor. Die mondelinge en skriftelike kommunikasie van die 100 leerlinge van die Hoërskool Vanrhynsdorp is oor 'n tydperk van 'n jaar elke twee weke gemonitor en aangeteken. Die waargenome data word in hoofstuk 3 bespreek.

In hoofstuk een van hierdie skripsie is 'n studie gemaak van die begrippe standaardtaal en dialek sodat dit baie duidelik is wat elke begrip omsluit. In hoofstuk twee word meer spesifiek 'n ondersoek geloods om die effek van geografiese isolasie op die taalgebruiker se woordeskat en sintaksis te bepaal. Hoofstuk drie behels 'n ondersoek in die klaskamer en die vertolking van die data wat so bekom is. Eenhonderd leerlinge van standers 6 tot 10 aan die hoërskool op Vanrhynsdorp in Namakwaland is onderwerp aan skriftelike en mondelinge stelwerk oefeninge oor 'n tydperk van 'n jaar. Hoofstuk vier sal dan gewy word aan die interpretasie van gegewens.

Standaardtaal en dialek met verwysing na taalgroepe in Afrikaans

Taalgebruik geskied nie in isolasie nie, maar maak deel uit van 'n groter kommunikasieraamwerk. Taalgebruik word altyd gekoppel aan 'n sekere gebruiksituasie. (Carstens, 1992a :46-51).

Taal is die draer van 'n boodskap, die middel om iets aan ander deur te gee (Pietersen,

1976:5). Al die sprekers van 'n betrokke taal, bv. Afrikaans, praat dieselfde taal, maar almal praat nie dieselfde vorm daarvan nie - die taal toon 'n inherente verskeidenheid wat meegebring word deur die verskeidenheid gebruikers van die taal (Carstens, 1991:97). Wanneer iemand beweer dat hy 'n taal magtig is, beteken dit hy praat en het beheer oor dié deel van die taal wat binne sy leefwêreld en kennisveld val. As jy sê jou moedertaal is Afrikaans, of Engels of Zoeloe, is jy een verteenwoordiger uit een groep van die sprekers van die betrokke taal (Meiring, 1986:1). Almal wat die vermoë het om 'n spesifieke taal te gebruik, behoort tot daardie taal se taalgemeenskap. So 'n taalgemeenskap se sprekers deel dieselfde norme vir die interpretasie van taal (Labov, 1980:262). Waar mense dieselfde taal praat, kom daar variasie binne groepsverband voor. Op grond hiervan sou 'n mens kon sê dat 'n taal uit 'n versameling eiesoortige variëteite bestaan wat in 'n mindere of meerdere mate van mekaar verskil omdat elke variëteit weer 'n refleksie is van een of ander aktiwiteit of saamgroepering van 'n besondere groep mense binne die groter taalverband (Carstens, 1993:115). Hierdie variasies is onafskeidelik deel van taal en sentreer om die begrippe:

taal x dialek,
minderheidstaal x meerderheidstaal,
standaardtaal x nie-standaardtaalvorme,
taalkontak x taalsuiwerheid,
norm x afwyking (Meiring, 1986:9).

Handwritten notes in the right margin:
Taal
+
my idee
v. 80

Dit is 'n vrye variasie wat aan die individu vryheid in sy keuse van taalgebruik gee. Binne groepsverband kry ons onder andere kleutertaal, kindertaal, tienertaal, studentetaal, gesinstaal en sporttaal.

Isolasie van groepe lei tot die vorming van spesifieke uitdrukkings en taalkonstruksies wat verband hou met die leefwyse en gewoontes van die betrokke gemeenskap (Van Leuvensteijn, 1992:21). Afrikaans as geheelsisteem het verskeie deelsisteme met unieke linguistiese en pragmatiese kenmerke. Op grond van dié kenmerke word elke deelsisteem ook as 'n taal beskou (Meiring, 1986:18).

Dialekte en sosiolekte is dus variante van 'n taal wat in terme van taalgebruikers of taalgroepe

beskryf kan word. Volgens Chambers en Trudgill (1980:1) word dialekte ook dikwels beskou as 'n afwyking van die norm. Binne elke taalgemeenskap word groepe gevorm op grond van gemeenskaplike belange, doelstellings en ontwikkeling.

Kommunikasie binne elke groep word grotendeels bepaal deur die taalgebruik wat betrekking het op juis dit wat die sprekers gegroepeer het. Daarom dan dat Annette Du Plessis (1994:23), van Dirk Waterboer se taal sê: "Afrikaanse woorde soos sy grootword en sy wêreld hom geleer het. Dit is Afrikaans in Afrika se bar vlaktes waar televisie, stad en skouburg nog geen letsel gelaat het nie". Die funksie van dié taalgebruik is vir spesifieke sprekers om spesifieke inligting op 'n spesifieke wyse aan lede van hulle groep oor te dra.

Standaardisasie

Die taal as uitdrukkingsmiddel van 'n bepaalde volksgemeenskap is die medium waardeur jy alles wat vir jou dierbaar is (jou kultuur) aan ander kenbaar maak. Dit is een van die basiese redes waarom 'n volk daarop gesteld is dat sy taal behoorlik gestandaardiseer is (Van der Merwe, 1982:240). Afrikanernasionalisme het vir die vestiging van Afrikaans as kultuurtaal en amptelike taal baie beteken (Prinsloo, 1984:30). Na die Tweede Vryheidsoorlog was daar in Suid-Afrika 'n proses van verengelsing aan die gang wat deur persone soos Milner van stapel gestuur is. Dit het egter die Afrikaner tot die besef gebring dat sy taal die simbool van sy volkseenheid is. Taalbewegings is dus gestig met die doelbewuste strewe tot die ontwikkeling van Afrikaans. Britse onderdrukking en die strewe na vrywording het bygedra tot 'n taalloyaliteit by die Afrikaner (Steyn, 1980:172-180).

Standaardisasie kom ter sprake wanneer 'n taal 'n stel gekodeerde norme het wat deur die spraakgemeenskap aanvaar word en as basis dien vir die onderwys (Bell, 1976:148).

Standaardtaal het prestige, neig om te stabiliseer in skrif en is maksimaal verstaanbaar vir die hele spraakgemeenskap (Cláassen en Van Rensburg, 1983:15). So 'n gemeenskaplike of standaardtaal het altyd 'n bepaalde dialek as grondslag. Standaardtaal is dikwels die taalgebruiksvorm van 'n toonaangewende minderheid, d.w.s. die taal van die meerderes en nie van die meerderheid nie (Van der Merwe, 1982:220). Die dialek/taal van 'n minderheidsgroep

kan dus deur die verkryging van hoë funksies, ontwikkel tot 'n outonome taal. Daar is meestal nie 'n "beskaafde" vorm wat druk uitoefen tot gelykmaking nie. Die algemeenste vorm, m.a.w. die dialek met die meeste sprekers en wat oor die grootste geografiese gebied prominent is, dien as norm indien dialekvermenging plaasvind. Carstens (1993:117) verwys na die reikwydte van 'n variëteit: Hoe wyer 'n variëteit gebruik word vir kommunikasie, hoe meer standaard sal dit wees. absolute standaardisasie van gesproke taal word nooit vermag nie. Standaardtaal kan ook gesien word as 'n stel abstrakte norme waaraan werklike taalgebruik in 'n mindere of meerdere mate gehoor kan gee (Milroy & Milroy, 1991:23).

Afrikaans het in Wes-Kaapland ontstaan en migrasie na die noorde het sekere dialektiese verskille meegebring. Volgens Links (1992:5-6) was dit hoofsaaklik Oosgrens-Afrikaans wat die binneland ingedra is en wat as basis vir Standaardafrikaans gedien het. Taalverskille wat toe bestaan het, is die binneland ingedra. Divergensie het gevolg weens die gebrek aan kontak tussen die sprekers rondom die kerngebied. Hierdie kerngebied (Wes-Kaap) het nie as basis vir 'n normtaal (standaardtaal) gedien nie en daarom is die algemeenste vorme gesoek (Louw, 1941:55,56).

Taal is egter nooit stagnant nie en is voortdurend aan vernuwing op alle taalkundige vlakke blootgestel en daarom moet norme gereeld hersien word (Meiring, 1986:15). Verbrokkeling en gelykmaking het reeds tydens die vroeë verblyf in Wes-Kaapland en tydens die Groot Trek plaasgevind. Hierdie twee tydperke moet ons afsonderlik bestudeer ten einde die verspreiding van dialektiese verskynsels oor die hele taalgebied in hul historiese verband te sien (Louw, 1948:75). 'n Derde belangrike nivelleringsproses het gevolg op die ontvolking van die platteland. Toenemende dialek-kontak in die groot sentra moes lei tot verdere uitkakeling van onderlinge verskille.

Volgens Coetzee (1982:271) is die term Algemeen Beskaafd ook vroeër gebruik vir standaardtaal omdat dit 'n bepaalde groep se dialek of sosiolek is wat as gevolg van "prestige" verhef is tot "Algemeen Beskaafde" taalgebruik. Die term Algemeen-Beskaafd is "onjuis en kwetsend", want dit hou die insinuasie in dat dit die enigste beskaafde taalvorm is en dat diegene wat dit nie gebruik nie, nie op beskaafdheid aanspraak kan maak nie (Coetzee,

1982:271). Standaardafrikaans is maar een van die variante van Afrikaans. Die standaardvariëteit is nie beter of mooier as die ander variëteite nie, maar is om politieke, kulturele, godsdienstige, en andere redes uitgelig as die variëteit waarmee oor 'n breër basis gekommunikeer kan word (Carstens, 1993:119) (Odendal, 1992:19). Teenoor ander variante is dit egter outonoom en geniet dit amptelike erkenning.

Volgens Bell (1976:150) word die term Randtaal gebruik vir verskeie nie-standaard maar sistematiese variasies vanaf babataal, vreemdelingstaal tot tweedetaal-variasies en die individuele intertaal/oorgangstaal van die leerder. Nie-standaardtale erken die norm van die standaardtaal (Claassen en Van Rensburg, 1983:17). Die rol wat 'n spreker in 'n gegewe konteks vertolk en die sosiale verhouding wat daar tussen hom en sy hoorder bestaan, bepaal grootliks die soort taalvorm en die stylgebruik wat die kommunikasiekonteks kenmerk. As daar 'n groot sosiale afstand tussen mense is, word gewoonlik voorkeur gegee aan die standaardtaal. Indien die afstand nie so groot is nie, dan val die voorkeur meer op die gewone omgangstaal en selfs op ander niestandaardvorme (Carstens, 1992(b):66-67). Dialekte word beskou as ondergeskik en streeksgebonde in vergelyking met die standaardtaal wat oorheersend en oorkoepelend is (Van Leuvensteijn, 1992:16). In Suid-Afrika is etlike nie-standaardtale waarvan die sprekers in staat is om die standaardvorm by "deftige" geleenthede te gebruik. Die Afrikaans van die Griekwas, Buys-Afrikaans, "sleng", Flaaitaal, Waterkloofuitspraak en Johannesburgse omgangstaal is almal streeksgebonde variante van Afrikaans. Volgens Odendal (1984:200) is standaardtaal 'n bepaalde taalvorm wat navolgenswaardig is. 'n Bepaalde vorm (dialek) verwerf 'n prestige-posisie wanneer die sprekers daarvan deur prestasies op ekonomiese, kulturele, politieke en godsdienstige gebied 'n leidende posisie verwerf en dus die groep word waarna ander groepe opsien.

Coetzee (1982:274) sê taal en ook standaardtaal word nie gesien as abstraksie nie, maar as realiteit waarvan variasie inherent is. Elke situasie word deur taalgebruikers volgens bepaalde normveranderlikes beoordeel. Die taalgebruiker het 'n sistematiese register van taalvorme tot sy beskikking waaruit hy binne 'n gegewe konteks kan kies. Dié normveranderlikes is (Coetzee, 1982:274):

1. Respek, prestige, deftigheid, ens.
2. Domeinveranderlikes soos staatsdiens, kerk, polisie, ens.
3. Rolverhoudings soos: man-vrou, ouer-kind, onderwyser-leerling
4. Transaksionele en formele interaksie: preek voordra, onderhoud voer, ens.

Moedertaalsprekers pas maklik hul taal aan tot niestandaardvorme en gebruik dus 'n vereenvoudigde register om hul aan die vreemdetaalspreker verstaanbaar te maak.

Die standaardvorm van Afrikaans is 'n idealisering van hoe Afrikaans deur sy toonaangewende sprekers behoort gepraat te word (Carstens, 1993:123)(Webb en De Villiers, 1985:197). Kroes (1995:267) sê standaardtaal is die dialek wat normaalweg deur die opgevoede lede van 'n taalgemeenskap gebruik word. Dit is die taal wat in die kerk en skool, van verhoë af, in staatskantore, in kultuurliggame, ens. behoort gehoor te word. Dit is ook die taal van koerante en boeke. Volgens Coetzee (1982:276) geld formele standaardisasie vir vorme wat vir die taal voorgeskryf word deur grammatikaboeke, woordeboeke en taalakademies. Skryftaal speel natuurlik 'n baie belangrike rol by standaardisasie (Coetzee, 1982:276). Ons kan die standaardtaal ook beskryf as die algemene verkeerstaal (Lingua Franca) tussen die verskillende groepe variëteitsprekers van die besondere taal (Carstens, 1993:131).

Erkenning van die norm "Standaardafrikaans" en die nastreef daarvan dui bewustelik of onbewustelik 'n sekere taalverfyndheid by die taalgebruiker aan. Dié norm laat 'n mate van toleransie toe, maar 'n groter afwyking van die standaard as wat "verdra" kan word, vorm die nie-standaardvorm. Standaardtaal verbind volgens Coetzee (1982:277) die individu aan die gemeenskap, het 'n prestigefunksie en skep taaltrots. Ander vorme word daaraan gemeet vir korrektheid. Faktore wat die ontwikkeling van Standaardafrikaans begunstig het, is volgens Botha (1984:181) die volgende:

1. Die Taalkommissie
2. Vertalers van die Bybel, Psalms
3. Koerante, tydskrifte en die SAUK
4. Kultuursentra met universiteite soos Pretoria en Stellenbosch

5. Toonaangewende woordeboeke, grammatikaboeke
6. Die verkryging van mag deur die Afrikaner

Carstens (1992(b):70) sê dat vrouens 'n belangrike invloed op taalbevordering het. Vrouens gee meer voorkeur aan die standaardvariëteit van 'n taal, waarskynlik omdat hulle die toon aangee in die opvoeding van hul kinders. Volgens Milroy & Milroy (1991:22) kom volle standaardisasie net in spelling (geskrewe taal) voor. In gesproke taal word 'n groot verskeidenheid verdra (Carstens, 1991-diktaat:1). Verskeidenheid is egter nie versoenbaar met standaardisasie nie. Daarom moet van standaardisasie as 'n historiese proses gepraat word wat in 'n mindere of meerdere graad van ontwikkeling is. Die verskillende vlakke van standaardisasie is 'n aanduiding van die gevolg van die vraag na eenvormigheid. Aanvanklik word 'n verskeidenheid as standaard gekies. Sodra die standaardvorme baie algemeen in spraak en ook as skryftaal gebruik word, dan word dit as norm aanvaar (Milroy & Milroy, 1991:27).

Odendal (1992:19) sê dat standaardtaal tog 'n mate van kunsmatigheid insluit en dat die standaardvorm nie altyd die natuurlike taalgebruik van alle Afrikaanssprekendes verteenwoordig nie.

Van de Rhee (1994:169) sê dat ons 'n sterk argument ten gunste van die bevordering van standaardtaal op skool kan aanvoer omdat dit die kind in staat sal stel om basiese taalvaardighede te bemeester. Onderwysers beweer dat leerlinge, en in die besonder werkersklaskinders, onder-presteer omdat hulle die Afrikaans wat hulle hoor nie werklik verstaan nie.

Dialek

Standaardtaal is 'n oorkoepelende taal terwyl dialekte dikwels meer streekgebonden is (Van Leuvensteijn, 1992:16). 'n Dialek is 'n taalvariant wat op grond van politieke en sosiale omstandighede nie uitgroeï tot 'n kultuurtaal nie. Die verskil tussen taal en dialek gaan dus eerder om die sosiale funksie daarvan (Pietersen, 1976:115). Dialektiese en streeksvorme word ook met die term sub-standaard beskryf (nie-standaard) (Botha, 1984:181). Alle mense

wat Afrikaans praat woon duidelik nie in dieselfde geografiese gebied nie en dit gee daartoe aanleiding dat mense dieselfde soort verskynsel op 'n verskeidenheid wyses kan beskryf. So word by-voorbeeld 'n duwweltjie 'n beesdoring genoem in die Vioolsdrif-omgewing en 'n kakieklits in Warrenton en Barkley-Wes (Carstens, 1992(b):71). Coetzee (1982:275) onderskei tussen geografiese en sosiale dialekte (=sosiolekte). Geografiese dialekte ontstaan a.g.v. afsondering van die sprekers terwyl sosiolekte ontstaan op grond van sosiale groeperings wat nie noodwendig met gebiedsverskille saamhang nie. Daar is baie min dialeksprekers wat slegs hul dialek ken. 'n Spreker wat 'n standaardtaal naas 'n dialek tot sy beskikking het, maak sy keuses daaruit op grond van sosiolinguistiese norme (Coetzee, 1982:275).

As 'n dialek 'n magstatus verkry deurdat dit buite sy geografies beperkte gebied ook in swang kom en belangrik word vir die onderwys, bestuur en handel kan dit standaardtaal word (die norm). So het die dialek van Parys die standaardtaal van Frankryk geword. In die streke word die dialekvorme egter steeds gebruik. Die sosiale funksie van 'n taalvariant beslis dus of dit 'n taal of dialek sal wees. Die variant wat die belangrikste sosiaal-ekonomiese domein beheer, word 'n taal genoem. Beperkte sosiale funksie gee die etiket van dialek (Pietersen, 1976:117). Dit is veral verouderde vorme wat dialekties voorkom (Coetzee, 1982:281).

Afrikaans is 'n voorsetting van Niestandaardnederlands (Botha, 1984:110). Toe die Nederlandse dialekte in Suid-Afrika tot 'n eenheid saamgesmelt het, is hierdie nuwe spraak baie jare lank nie as kultuurtaal gebruik nie. Afrikaans is op daardie stadium gekenmerk deur onvastheid wat veroorsaak is deur 'n veelheid van wisselvorme, d.w.s. in 'n diglossiese situasie. In daardie stadium, waarna ons ook as 'n tussenstadium kan verwys, was Afrikaans ook 'n dialek (Louw, 1948:53). Die groot verskeidenheid Nederlandse dialekte het tot ooreenvoudiging in Afrikaans gelei. Aan die Kaap het die noodsaaklikheid van eenvormigheid tot taalverandering gelei.

Louw (1948:75) en Coetzee (1982:276) sê dat taalgebruiksverskille in Afrikaans geografies geweldig deureenloop. Dit is meermale nie moontlik om taalvorme aan 'n bepaalde lokaliteit te koppel nie. Ons vind nêrens 'n noemenswaardige konsentrasie van taalvorme wat onderskei

kan word van die hele res van die taalgebied nie.

'n Spraakgemeenskap kan uiteenval in 'n aantal dialekgebiede rondom hulle onderskeie sentrums. Waar verskillende dialekte deur 'n nuwe verkeersband verbind word, volg daar vermenging van taalelemente waarop altyd weer gelykmaking volg.

Wat gee die deurslag vir die behoud van 'n bepaalde vorm uit 'n groot aantal? In een geval sal dit die oorwig in getal sprekers wees, in 'n ander miskien weer die invloed van die skryftaal (Louw, 1948:89).

Ons praat van dialekte in Afrikaans omdat daar binne die Afrikaanse spraakgemeenskap verskynsels van 'n lokale aard is. Voorbeelde is reeds genoem, maar hier word weer verwys na groepe soos: Griekwa-Afrikaans, Buys-Afrikaans, Johannesburgse omgangstaal, Waterkloof-uitspraak. Eersgenoemde twee is geografiese dialekte en laasgenoemde sosiale dialekte.

'n Taal bestryk 'n groter gebied as die verskillende vorme daarvan wat sy dialekte vorm (Botha, 1984:265). Die Afrikaanse spraakgemeenskap omsluit dus alle dialekte en sosiolekte.

Uit die bespreking tot dusver oor 'standaardtaal' en 'dialek' het 'n hele paar interessante feite na vore gekom waarvan die navorser graag hier ter opsomming net dit wat vir hom die belangrikste lyk, wil aanstip:

1. Die begrip dialek het nie net betrekking op 'n geografiese geïsoleerde groep nie, maar verwys ook na sosiale dialek.
2. Kontak tussen groepe lei tot uitskakeling van dialektiese verskille deurdat die mees aanvaarde vorme as norm gebruik word.
3. Afsondering lei tot die behoud van verouderde vorme wat dan ook aanleiding gee tot die ontstaan van geografiese dialekte.

4. Deur taalkontak en die verkryging van hoë funksies (onderwys, regering, regspraak, ens.) kan dit gebeur dat 'n dialek outonomie verwerf en dus standaardtaal word.
5. Waar 'n dialek getalsgewys die taal van 'n minderheidsgroep was, kan dit dus tog die toonaangewende taalvorm word.
6. 'n Minderheidsgroep se dialek/taal kan dus outonomie verwerf bo die dialek/taal van 'n meerderheidsgroep (getalsgewys) indien die minderheidsgroep se sprekers hoë status verkry d.m.v. politieke posisies of ekonomiese prestasies.
7. Die bespreking hierna in ag geneem, wil dit vir die navorser lyk asof ons in Suid-Afrika kan onderskei tussen minderheidstaal (soos Afrikaans teen ongeveer 1903) en dialek (soos Griekwa-Afrikaans, Flaaitaal, ens.). Die sprekers van Afrikaans as minderheidstaal het geveg vir outonomie van hul taal. Die sprekers van dialekte in SA toon weer 'n sterk groepsgebondenheid en verkies om as groep afgesonder te wees.

In die res van die bespreking word daar meer intensief ingegaan op die begrippe minderheid/meerderheid en die klem val meer spesifiek op die posisie van Afrikaans in Suid-Afrika.

Minderhede/Meerderhede

Die vorming van groepe as gevolg van geografiese of sosiale faktore lei tot die ontwikkeling van linguistiese kenmerke wat eie is aan die spesifieke groep. Die sosiale bestel en taalkontaksituasie lei dus tot die minderheids- of meerderheidsposisie van 'n groep.

Minderheid verwys nie noodwendig na 'n minderheid in getal nie, maar meer in die sin van sosiale, ekonomiese en kulturele kategorieë (Pietersen, 1976:16). Botha (1984:265) sê ook dat getalle nie 'n groot rol speel nie. Dialekte word soms deur 'n groot aantal persone gepraat terwyl taalvorme wat as tale geklassifiseer word, soms slegs 'n klein getal sprekers het. Bell (1976:167) verwys spesifiek daarna dat nasionale bewustheid daartoe kan lei dat 'n inheemse taal met 'n klein eerstetaalgemeenskap, die nasionale taal word (Eire = Iers). Dit is dus

duidelik dat die dialek/taal van 'n minderheidsgroep kan ontwikkel tot 'n outonome taal.

Vir minderheidsgroepe is hul taal 'n belangrike identifikasiesimbool. Links (1992:4) sê dat streektaal hoofsaaklik in gesproke vorm en in informele verband bestaan. Die reg om hul eie taal te mag gebruik en nie noodwendig die verkryging van amptelike status nie, is vir minderheidsgroepe die einddoel. In baie veeltalige gebiede het elke taal 'n eie funksie binne sy eie domein. Die een taal beskik moontlik oor hoë funksies soos literatuur, regspraak, onderwys, ens. Die ander taal word weer op straat en laere werksomgewings gebruik. Elke taal is dus verbonde aan 'n bepaalde domein. Die geskiktheid van 'n taal vir gebruik in hoë funksies is volgens Steyn (1980:18) deurslaggewend vir die voortbestaan van die taal. Volgens De Vries (1984:207) kan teorieë oor die oorlewing van minderhede in twee hoofkategorieë verdeel word:

1. Moderniseringsteorie (ook assimilasiesteorie): Daarvolgens bevind die minderheid hul in 'n deel van die staat. Modernisering begin in die kern en bereik die minderheid laaste. Die minderheid sal deur groter kontak met die kern die waardesisteem daarvan oorneem.
2. Interne koloniseringssteorie: Die minderheid vorm steeds 'n afgebakende groep wat hul eie sektor van die arbeidsmark beheer en word so afgesonder van die meerderheid. As sodanig vorm hulle dan 'n interne kolonie en sal nie met die meerderheid saamsmelt nie. As gevolg van industrialisasie het baie minderheidsgroepe met meerderheidsgroepe saamgesmelt, maar daar is ook minderheidsgroepe wat oorleef het en bly voortbestaan. De Vries sê ook verder dat minderheidsgroepe nie altyd laer sosio-ekonomiese posisies beklee nie.

Toenemende eenwording staan naas toenemende oplewing van die nasionale minderheid. Oral in Europa is daar 'n emansipasiestrewe by veral taalminderhede. Sulke minderhede eis ruimte vir hul taal en kultuur. Minderhede se weerstand is veral gerig teen die groot stad wat gesien word as die verpersoonliking van mag op politieke, ekonomiese en kulturele gebied. Verlaas wanneer daar 'n gebrek is aan ruimte vir hul taal en kultuur, 'n agterstand op ekonomiese gebied, geen deelname aan mag en sosiale kontrole, is minderheidsgroepe geneig tot verset. 'n

Voorbeeld van die taalstryd van 'n minderheid is te vind in België. Die noordelike Nederlandse deel word oorheers deur die suidelike Franse deel omdat Frans die taal met hoë funksies is, naamlik die taal van die geleerdes, handelaars, ens. Ook in Rusland klou minderheidsgroepe aan hul taal vas te midde daarvan dat Russies die onderwystaal is (Pietersen, 1976:15-19).

Na die Tweede Vryheidsoorlog het Afrikaans ook die posisie van 'n minderheidstaal beklee, want Engels was die taal van die regering en is deur persone soos Alfred Milner op die Afrikaanssprekende minderheid afgedwing.

Ideologie is 'n regverdigingstelsel vir die posisie van die groep. So kan taalgroepe hul eie ideologie hê. Taalideologie het dus te doen met 'n bepaalde taalwil en taalbesef. Dit gaan om behoud van die eie taal en die uitbou daarvan. Taal en groepsidentiteit val dikwels saam. Die sprekers assosieer hulself met die groep op grond van linguistiese oorweginge. Hiervan is die Afrikaner se stryd teen verengelsing, veral na die Tweede Vryheidsoorlog, 'n goeie voorbeeld. Nasionaalideologiese en taalideologiese bewegings loop dus, soos in die geval van SA, dikwels parallel.

Taal speel duidelik 'n belangrike rol as identifikasiesimbool vir nasionale minderhede. 'n Gemeenskaplike taal skep geleentheid vir kommunikasie en kultuurvorming. Taal tree dus op as eenheidsimbool (Pietersen, 1976:47). Ook in SA het Afrikaans 'n baie groot rol as eenheidsimbool vir die Afrikaner gespeel.

Sprekers van 'n meerderheidstaal vorm 'n dominante groep. Die lede van die meerderheidstaal verkeer in 'n meer bevoorregte posisie omdat die meeste skaars funksies beheersing van die meerderheidstaal vereis. Aan die Kaap was dit die geval na die Tweede Britse Besetting dat Engels die taal van die regering, howe, skole, ens. geword het en dus 'n meerderheidsposisie teenoor Hollands ingeneem het (veral tydens Somerset se bewind). Indien 'n minderheidstaal dit sou regkry om funksies soos onderwys, ens. te verkry, word dit 'n mededinger van die meerderheidstaal. Volgens De Vries (1984:209) deel minderhede die gebied van 'n nasionale staat met die meerderheid, maar ook met ander minderhede. Die getalsverhouding van die minderheidsgroep met betrekking tot ander groepe, sê ook vir ons heelwat oor die ekonomiese en politieke mag van die minderheid. Soos aan die begin gesê is, is dit nou duidelik dat die

terme minderheid/meerderheid meer te doen het met die funksies waaroor 'n groep beskik as met getalle.

Volgens Bell (1976:167) kan by die keuse van 'n amptelike taal gekyk word na die taal wat deur die meeste mense gepraat word. Minderheidsgroepe voel egter dat hulle daardeur in 'n ongunstige posisie geplaas word. Owerhede stimuleer kommunikasie in die oor-heersende (meerderheids) taal. Wie die taal nie kan praat nie, het 'n agterstand. Die taal word dan vir die minderheidsgroep die simbool van mag (Pietersen, 1976:149). Minderheidsgroepe word die reg tot outonomie en eie kultuur deur die meerderheidstaal ontsê. Die minderheid is dus blootgestel aan onderdrukking deur die meerderheid. Dié aksie kan selfs deur die regering onderneem word, soos Stalin wel in Rusland gedoen het, deur minderheidsgroepe te deporteer (Steyn, 1980:35).

HOOFSTUK 2

Die rol van geografiese isolasie

Elke taal is 'n selfstandige sisteem wat as geheel as 'n taal bekendstaan. Griekwa-Afrikaans, Dorsland-Afrikaans, Kaapse Afrikaans, ens. is dialektiese variante, m.a.w. deelsisteme van die geheelsisteem Afrikaans. Die mens se taal word beïnvloed deur sy omgewing; gevolglik kry ons variante in een taal wat kenmerkend is van sprekers in 'n bepaalde geografiese gebied, beroep, sosiale status, ouderdom, ens. Dit is juis met taalgebruiksverskille waarmee die taalgeograaf en die sociolinguïst hul besig hou.

'n Dialek is die taalgebruik wat kenmerkend is van sprekers in 'n bepaalde streek en historiese tydperk (Witte, 1978:77). Volgens Ohly (1988:16) is 'n dialek gebaseer op geografie. Dit is gemerk t.o.v. ander dialekte of die standaardtaal deur uiteenloping. Waar die idiolekte (individue se taalgebruik) van 'n groep sprekers weens onderlinge verkeer en geografiese groepering weinig verskil, het ons met 'n dialek te doen. In so 'n geografiese streek kan bv. ouer taalvorme, verouderde taalvorme en varser taalvorme voorkom. Dialekte verskil omdat die invloede van buite die streek daarop minder of meer is. Soms kan streeksgrense drastiese verskille in spraakvorme meebring (McIntosh, 1952:30-40). Daar is deur navorsing bevind dat geografiese of sosiale isolasie en taal 'n noue band vertoon. Om laasgenoemde stelling t.o.v. geografiese isolasie te staaf, kan ons kortliks verwys na Griekwa-Afrikaans. Baie kenmerke van Griekwa-Afrikaans dateer al van vóór die Voortrekkertyd af. Hulle het 'n geïsoleerde groep gevorm en vorme van hul Afrikaans het nie met ander meegeding om amptelike erkenning nie. Griekwa-Afrikaans het o.a. omrede die geïsoleerdheid daarvan, nie die veranderings ondergaan wat Standaardafrikaans gedurende die afgelope 50 - 150 jaar ondergaan het nie. Voorbeelde van hul taal:

die reent my seurtjie hy gát reent
mandjiese, waense, kinderse
ma-goed, pa-goed
skeuldig (skuldig)
sypery (suipery)

de:skant (duskant)

"... en hier sil jille jillise goet nou weer hievinaf moet vat op Matatiel toe; toe vat ons weer hiervandaan af op."

(Claassen en Van Rensburg, 1983:150).

Du Plessis (1984:141) het die volgende woorde uit 'n Griekwapsalm opgeteken: "Sonner lat jou voete klipperse raak, Gan jy nou in of gan jy nou yt: Hy's oor jou vi ewig en vi altyd".

Uit wat in die vorige paragraaf gesê is oor geografiese isolasie en Griekwa-Afrikaans blyk duidelik dat standaardtaal nie noodwendig die oudste vorm van Afrikaans is nie (Meiring, 1984:30-34). 'n Dialek is nie verbasterde taal nie; dit bevat intendeel waardevolle materiaal vir diachroniese en sinchroniese taalstudie wat terselfdetyd gepaard gaan met die plaaslike geskiedenis (Witte, 1978:78).

Linguistiese geografie is gemoeid met die geografiese verspreiding van vergelykbare linguistiese items van verskillende soorte, liever as die funksionering van enige van die items binne die dialek waar hul voorkom. Dus, met linguistiese geografie is die klem op streekverskille en ooreenkomste en 'n studie van die presiese funksie van die item binne die raamwerk van die dialek (McIntosh, 1952:15).

Omdat 'n taalgemeenskap, soos die Afrikaanse taalgemeenskap, oor 'n groot landskap versprei kan wees, hou die taalgeograaf hom besig met die vergelyking van verskillende taalkaarte om so spraaklandskappe af te baken. Dit word d.m.v. isoglosse gedoen. 'n Isoglos verbind dele waar 'n sekere taalitem voorkom (Chambers & Trudgill, 1980:103). Sulke spraaklandskappe bied insiggewende verskynsels oor die geskiedenis van 'n taal.

Rondom kultuursentra toon taalverskynsels dikwels ekspansieverskynsels, d.w.s. 'n bepaalde taalvorm versprei vanuit hierdie kerngebied na omliggende gebiede. So 'n taalverskynsel kan dan oor die hele taallandskap beweeg en ander taalvorme verdring. Ekspansieverskynsels kan natuurlik vanuit verskillende rigtings beweeg en mekaar dan stuit. Hierdie oorgangsgebiede tussen twee taalvorme staan ook as randgebiede bekend. Binne hierdie skeidingsgebied (oorgangsgebied) kom dikwels 'n kompromis van twee taalvorme voor wat soms kan lei tot

allerlei kontaminasies (Meiring 1986:16).

'n Diasisteem is 'n beskrywing van ooreenkomste tussen twee of meer sisteme en 'n beskrywing van die verskille as parallelle moontlikhede wat afsonderlik geïntegreerde subsisteme vorm t.o.v. die gemeenskaplike kernsisteem. Die diasisteem is dus die arsenaal van taalgebruiksmoontlikhede in twee of meer dialekte. In beginsel bestaan 'n diasisteem by elke tweetalige spreker; in besonder by dié spreker wat om die beurt Standaardafrikaans en dialek praat. Dié taalgebruiker kan by geleentheid kies tussen twee parallelle taalgebruiksmoontlikhede. In 'n sosiale milieu waar die gebruik van die Standaardafrikaans vereis word, kan 'n spreker daarvan bewus word dat hy "verkeerdelik" volgens sy dialekvorm gehandel het (De Klerk, 1968:7,8) (Carstens, 1991-diktaat:4-5).

Sprekers pas 'n taal aan by hul behoeftes en t.o.v. die kommunikasiebehoeftes van die dialekspreker, is die dialek heeltemal voldoende. Die spreker word bewus van 'n taalgebruiksnorm wanneer iemand anders in gesprek daardie norm oortree. Die bewuswees van taalgebruiksverskille dra dus daartoe by dat die behoefte aan 'n norm ontwikkel waarna ons dan as standaardtaal verwys.

Die oordeel oor die eie dialek word beïnvloed deur 'n sterk provinsialisme en streektrots. So is die Bolandse aksent in baie gevalle onmiskenbaar, maar daar kleef geen stigma aan nie. Aangesien die grootte van die taalgebied direkte kontak tussen dialeksprekers verhinder, is taalidentifikasie op grond van taalgebruik meestal slegs in 'n negatiewe sin moontlik - 'n Pretoriaan sal bv. nie in gesprek met 'n Sandvelder agterkom dat hy 'n Sandvelder is nie, maar hy sal wel bewus word van die feit dat hy nie met 'n Transvaler of Vrystater te doen het nie.

Wanneer daar van territoriale verskille in Afrikaans gepraat word, moet die klem eerder op die term "algemeen" val. Baie kaarte van die Afrikaanse Taalatlas bewys dat 'n sekere taalvorm oor die hele taalgebied voorkom. Daarnaas bestaan tientalle variante. Terwyl daar geen "beskaafdeste" vorm is wat druk uitoefen tot gelykmaking nie, is die verwagting eerder dat die algemeenste vorm hierdie funksie sal vervul indien dialekwisseling verder sal plaasvind (De Klerk, 1968:34).

Dialekte verskil nie slegs weens geografiese skeiding of isolasie nie, maar elke dialek is ook in 'n mate 'n refleks van die kulturele patroon van die gemeenskap wat dit gebruik. Kommunikasie is een komponent van die kulturele patroon en die karakteristieke van 'n spesifieke gemeenskap moet in hierdie verband in ag geneem word (McIntosh, 1952:28).

Uit 'n ondersoek in Skotland het geblyk dat mense in dieselfde streek nie noodwendig almal dieselfde praat nie. Dit veral ook omdat die standaardtaalvorm om sekere redes deur sekere mense feitlik oral in die land gepraat word. In 'n enkele gemeenskap kan 'n netwerk van dialekte wees wat mekaar beïnvloed (Rundle, 1944:39). Vir die taalgeograaf is dit nie so maklik om die voorkoms van 'n spesifieke variant kartografies te bepaal nie. Tog stel die standaardtaalvorm van 'n spesifieke item hom in staat om d.m.v. vroeër vas te stel in watter omgewing 'n sekere variant bekend is (McIntosh, 1952:27-30).

Linguistiese geografie is voortdurend besig om vergelykings te maak en kontrasterende taalvorme aan te teken. Navorsers in Engeland het gevind dat die woordvorm "stone" in verskillende areas verskillend uitgespreek word (bv. "styane, steen, stone"). Al hierdie vorme is variante van dieselfde item. 'n Ander voorbeeld wat gevind is, is die woord "stirk" wat met enkele fonetiese variasies in die meeste dele van Skotland voorkom. Die betekenis daarvan verskil egter van streek tot streek (McIntosh, 1952:41-43).

Volgens Milroy & Milroy (1991:60-109) ontstaan die groot streeks- en sosiale verskeidenheid wat in gesproke Engels bestaan, gedeeltelik vanweë die feit dat taal altyd besig is om te verander. Dit bring ook mee dat streekdialekte neig om verder van mekaar af te wyk. Daar bestaan ook 'n voortdurende spanning tussen taalgebruik wat gehandhaaf word deur eenheidsdruk en taalgebruik wat afgedwing word deur statusgebaseerde ideologieë. Slegs in geskrewe taal is 'n groot mate van uniformiteit verkry. In die kind se ervaring word geskrewe taal opgebou uit reeds bestaande kennis en gesproke taal. Spraak is 'n aangebore menslike vermoë. Die invloed van die groep speel 'n belangrike rol in gesproke taal en daarom kan ons praat van 'n gemeenskapsnorm. Sosiale hierargieë bestaan waarmee linguistiese hierargieë ooreenstem. Mense van 'n hoër status se linguistiese variëteit word beskou as die mooiste en die beste.

'n Belangrike verskil tussen twee dialekte is dat die klanke wat deur die een gebruik word, nie in die ander gevind word nie. In Northumberland kry ons 'n uvulêre /r/-klank. In die meeste ander Skotse dialekte word dit nie aangetref nie (McIntosh, 1952:50-60). Laasgenoemde voorbeeld laat ons ook onmiddellik aan die bry-r dink wat eie is aan die Swartland en Rûens in die Wes-Kaap.

Die geografiese verspreiding van woorde het 'n sosiaal-historiese agtergrond. Baie dikwels is die variasies toe te skryf aan verskille in lewenswyse en hoe kontak met ander streke verloop. Van belang vir die taalgeograaf is die voorkoms op verskillende plekke van teenstellende vorme wat tog dieselfde morfologiese funksie het. So is die meervoud van "shoe" in Skots op sommige plekke "shuin" en op ander plekke "shoes". So word die verlede tyd van "throw" op sommige plekke "threw" en op ander "throwed" (McIntosh, 1952:100).

Isoglosse op taalkaarte van Suid-Afrika toon dikwels 'n gestrektheid wat saamval met die rigting waarin migrasie plaasgevind het. Noordwes-Kaapland is die mees afgesonderde gebied in Suid-Afrika. Weens 'n gebrek aan noemenswaardige groot sentra en 'n relatiewe gebrek aan verkeersweë word relikvorme soos "baviaan" nog in dié gebied aangetref (Meiring, 1976:147). Verskeie taalkaarte in die Suid-Afrikaanse Taalatlas toon vorme wat langs die Weskus gekonsentreerd voorkom terwyl dit in die res van die taalgebied óf glad nie voorkom nie óf dan slegs in geïsoleerde gevalle (Louw, 1975,45).

Foneemwisseling kom algemeen in dialekvorme voor. Dikwels gaan hierdie foneemwisseling nie met betekenisverskille gepaard nie. Enkele voorbeelde is die volgende:

Wisseling van die /i x e/
mierkat x meerkat
nientig x neëntig

Wisseling van die /e x ø /
genees x geneus
meel x meul

sewe x seuwe

speel x speul

Wisseling van die /e x ɐ/

gjeefdig x giftig

kjeend x kind

kjees x kis

(By die e-klank gaan dit dikwels met palatalisasie gepaard)

(De Klerk, 1968:57).

Wisseling van die /e x ɛi/

bereken x bereiken

eentlik x eintlik

gemeente x gemeente

teken x teiken

vlees x vleis

Wisseling van die /oe x ɛ /

julle x jêlle

hulle x hêlle

(die gerekte-klank is algemeen in Namakwaland)

Wisseling van die /ɛ x ɐ /

wen x win

agent x agint

hengsel x hingsel

lendelam x lindelam

rente x rinte

breng x bring

prent x print

tent x tint

Wisseling van die /ə x a/

lastig x lastag

magtig x magtag

stadig x stadag

Wisseling van die /ɔ x a/

fontein x fantein

Hanekom x Hanekam

komers x kambers

mopanie x mapanie

Wisseling van die /p x b/

bepaald x pepaald

betaal x petaal

betyds x petyds

Wisseling van die /t x d/

eelte x eelde

sate x sade

skuite x skuide

Wisseling van die /b x v/

bobbejaan x bowwejaan

dubbeltjie x duwweltjie

tabbert x tawwert

Wisseling van die /d x r/

beddegoed x berregoed

koddig x korrig
middag x mirrag
nodig x norag

Du Plessis (1994:141) het die volgende wisseling opgeteken:

/h x j/
Here x Jirre
Hemel x Jimmel

Dikwels vind die dialektograaf 'n wisseling in foneemvolgorde..

Metatesis van die /r/ is algemeen:

present	x	persent
probeer	x	perbeer
presies	x	persies
granaat	x	germaat

Wat die morfologie betref, bestaan daar oor die hele Suid-Afrikaanse taalgebied verskeie variante om bv. sagte reën te beskryf -motreën, misreën, stuifreën. In Namakwaland word die prefiks on- soms selfstandig gebruik:

Hy voel on (ongesteld)

Hy is on (omgekras)

Die weer is on (dit is onweer)

In Boesmanland word van 'n mug gepraat en die meervoud is mûe. Standaardtaal erken net muggie.

Verouderde vorme van werkwoorde kom ook in afgesonderde dele van ons land voor:

begin - beginne

bid	- bidde
bind	- binne
buig	- buie
ploeg	- ploëë

Die vorme **liewer** en **liewerster** wissel oor die hele land. In analogie daarmee kry ons:

anders	- anderster
êrens	- êrenster
iewers	- iewerster
nêrens	- nêrenster

Wat die sintaksis betref, vind ons dialekties dat woorde in 'n woordsoortelike verband gebruik word wat vreemd aan Standaardafrikaans is:

Langs die Weskus word voorsetsels dikwels as werkwoorde ingespan:

Hy het die bult ge-uit.
 Hy het die berg ge-af.
 Hy het die bult ge-om.
 Hy het die leer ge-op.

In die Groot Karoo kry ons die volgende omsetting:

Ek val. My arm breek	x	Ek val my arm breek.
		Ek sal hom breek slaan (stukkend)

In Namakwaland word **dood** dikwels as oorganklike werkwoord gebruik (soos aangedui in die skriftelike en mondelinge kommunikasie in die klaskamer).

Ek dood as dit my moet oorkom.

Die skaap het gedood met die droogte.

Ek voel of ek kan dood.

Die individuele leksikale betekenis berus op konvensies wat van taalgemeenskap tot taalgemeenskap kan verskil. Dialekties gebeur dit nou dat 'n woord x in dialek A 'n toepassingsmoontlikheid mag hê wat dit nie in dialek B het nie:

Die skaap word afgetrek. (Standaardafrikaans - afgeslag)

Die gousblom gooi kniehoog. (Standaardafrikaans - groei)

Dit kom reën. (Standaardafrikaans - dit gaan reën)

Ek het snaaks gekry. (Standaardafrikaans - ek het snaaks gevoel)

Ek het hom ingesê. (Standaardafrikaans - sleggesê)

Die opvallendste en omvangrykste verskille in Afrikaans word in die leksikon aangetref. Die volgende is dialektiese vorme wat nie in die Standaardafrikaans voorkom nie:

afgesenfel	(uitgeput)
fletter	(skoert - NWK)
leberig	(slap, onvas)
liemaak	(spot)
opgeknikker	(deftig aangetrek - Suid-OVS)
pekaaier	(astrante persoon - Namakwaland)
kieriegeld	(pensioen)
binnejas	(drankie)
effe-koffie	(koffie sonder melk en suiker)
pompdonkie	(doen baie sleurwerk)
toemis	(digte mis - Namakwaland)
haaswakker	(vlug van begrip - Namakwaland)

Dieselfde woordvorm kan in verskillende streke (dialekte) voorkom, maar verskillende sake noem:

blaasoppie: dialek A - 'n vis
 dialek B - 'n opblaasmatras
 dialek C - 'n sprinkaan
(laasgenoemde staan in Namakwaland as 'n hiekiehi bekend)

lewerik: dialek A - klipspringer
 dialek B - kiewiet

onkruid: dialek A - bossies
 dialek B - gras
 dialek C - vuilgoed

'n Sekere item kan in verskillende dialekte heeltemal verskillende name hê:

babber x baardman x katkop
bed x kooi x katel
beskuit x bolletjies
broodpan x broodplaat
doekpoeding x waterbul
doringdraad x hakiesdraad
einste x seinde
geitjie x dikdy
karakoel x swartskaa
konka x ghêllie
laksman x fiskaal
verspot x kerjaans
brandewyn x binnejas x lawaaiwater

tarentaal x tarnataal x poelpetaan

(De Klerk, 1968:42-197)

Geografies word Namakwaland deur sy rots- en bergagtigheid, sy warm weersomstandighede en lae reënval gekenmerk. Die warm weersomstandighede word deur Tony Links (1989) beskryf as "'n halwe helletjie". Die besondere geografiese faktore van Namakwaland speel 'n belangrike rol in die vorming van die Namakwalander. Die toestande waaraan die Namakwalander onderworpe is, vind dan ook neerslag in sy taal (Links, 1989:4-5). Die reduseer van klanke of sillabes is baie frekwent in Namakwaland:

vloer	i.p.v	verloor
glukkige	"	gelukkige
glykte	"	gelykte
kros	"	karos
ghad	"	gehad
blasting	"	belasting
korpraal	"	korporaal
kwalk	"	kwalik
blo	"	belowe
agtruit	"	agteruit
graamte	"	geraamte

Die gebruik van die substantief en eiename saam (-goed) is baie algemeen:

Elias-goed

Meester-goed

niggie-goed

Meneer-goed

Toutologiese meervoudsvorming is baie algemeen in die gebied:

damese
dokterse
kinderse
koningse
lewense
reëse
vrouense

Die gebruik van dubbele verkleiningsvorme is eie aan Namakwaland:

vleisietjie
stukkietjie
huisietjie
nessietjie
Sakkietjie (eienaam)

In ons navorsingsgebied (Namakwaland) is daar 'n sterk neiging om ge- by feitlik enige werkwoordvorm te gebruik:

geonthou
gebetaal
geherinner
geverbrand
gemiskien
geverstoot

So ook by die volgende skeibare werkwoorde:

gehuishou

getuisgaan
gebymekarmaak
gegrootmaak

Op die gebied van die leksikon kan daar werklik gesê word:

Hulle sê 'n ding soos hulle dit sien, hoor, voel of proe:

aanroer - roer die bokke aan water toe. (naderbring)
armmanskros - die son
bêreklere - die beste klere
draaimaak - honger
beginsel - gebruik as sinoniem vir "begin"
amperkans - op 'n haar na, byna
fyngoed of fynvee - verwys na bokke en skape
katvoet - versigtig
huisplek - 'n plek om huis op te rig
kêrelbees - 'n bul
klaarkos - blikkieskos
skaalvleis - vleis in slaghuis gekoop

In die sintaksis vind ons die volgende uitdrukkings:

Ons is toe die bult geuit.
Dit is net daar waar die kar geaf het.
Daar het my ma my loop neergesit.
So het ek oor die jare gelê aankom.

(Links, 1989:6-85)

Uit die voorbeelde wat genoem is, blyk die dialektiese verskeidenheid van Afrikaans.

In die volgende hoofstuk word daar spesifiek gekyk na die taalgebruik van hoërskoolleerlinge in Namakwaland om vas te stel hoe hulle die verskillende taalvorme in die klaskamer gebruik

HOOFSTUK 3

Onderzoek in die klaskamer en vertolking van die data

Gedurende die ondersoek in die klaskamer het die navorser die Namakwalander se taalgebruik gemonitor. Bevindinge in hierdie hoofstuk is gegrond op mondelinge en skriftelike kommunikasie van 100 hoërskoolleerlinge oor 'n tydperk van ongeveer 'n jaar waargeneem. Mondelinge en skriftelike stelwerk oor 'n verskeidenheid onderwerpe is afwisselend elke twee weke in die klaskamer afgeneem.

In die eerstetaalklaskamer is fonologiese verskille minder opmerklik omdat die leerlinge doelbewus daarna strewende om standaardtaalspraak te gebruik. Fonologiese verskille van die Namakwalander se taal t.o.v. standaardtaal wat deur Links (1989) genoem word, nl.

[e:]	word	[ə]	[me:stər]	[məstər]
[ɛ]	word	[ə]	[axɛnt]	[axənt]
[ɑ]	word	[ə]	[tɑmɑ:i]	[təmai]
[ə]	word	[ɛ]	[həndər]	[hɛnər]
[ə]	word	[e]	[xəf]	[xef]

word wel waargeneem, maar omdat dit nie die leerling se prestasie in die taalklas noemenswaardig beïnvloed nie en omdat ander meer prominente afwykings van standaardtaal waargeneem is, het die navorser besluit om vir die doel van hierdie studie hom toe te spits op mondelinge en skriftelike uiting in die klaskamer wat afwyk van Standaardafrikaans.

Die gebruik van ge- om verlede tyd aan te dui

In die ondersoek is waargeneem dat ge- by verlede deelwoorde waar dit in standaardtaal normaalweg nie gebruik word nie, by oormaat ingespan word om verlede tyd aan te dui. Die ge- verledetydsvorm word by feitlik enige werkwoord ingespan. Links (1989) verwys ook na hierdie sterk neiging by die Namakwalander. In standaardtaal word die ge- verledetydsvorm nie saam met werkwoorde wat met her-, ont-, be-, ver- en mis- begin gebruik nie en beslis nooit saam met probeer nie. Tog word die ge- verledetydsvorm saam met baie ander

werkwoorde soos loop, skop, kyk, spring en staan gebruik. Vandaar die navorser se afleiding dat die taalverskynsel analogie daarin 'n rol gespeel het. Die volgende sinne wat veral by skriftelike stelwerk waargeneem is, bevestig bogenoemde stelling:

Ons het gebesluit om te loop.

Ons het daardie nag by Witfontein geoornag.

Die perde is deur die mans gebegelei.

Ek het gebesluit om dit nie te doen nie.

Ons het geprobeer om die muur af te breek.

Dit is my geontneem om aan die wedloop deel te neem.

Die kat het die muis gebespring.

Dan sou ek wou gehê het dat die fees plaaslik plaasvind.

Dit was al mense wat ook vis gekom vang het.

Pleonasmes

Oortollige woordgebruik kom geweldig baie voor. Woorde word dikwels gebruik waarvan die betekenis reeds ook uit woorde wat vroeër in dieselfde sin gebruik is, blyk. In die taalklaskamer waar die navorser dit in skriftelike en mondelinge kommunikasie waargeneem het, het dit gelyk asof die gebruiker miskien nie seker is dat hy dit wat hy wou sê, al duidelik oorgedra het nie - van-daar die onnodige herhaling. Hier volg verskeie voorbeelde:

In jou brief wat jy vir my geskryf het ...

Sy was jaloers gewees.

Hoekom ek van die see hou, is omdat dit ...

Dit was natuurlik die hoogtepunt gewees.

Dit was 'n heerlike wintersdag gewees.

Dit was 'n wonderlike ervaring gewees.

Dit is veral opmerklik hoe was en gewees gekombineer word om die boodskap oor te dra. In

Standaardafrikaans word gewees nie meer algemeen gebruik nie:

Sy was jaloers.

Dit was 'n wonderlike ervaring.

Dit was 'n heerlike wintersdag.

Se- konstruksie

Eie aan die Namakwalander se taalgebruik is die gebruik van se- saam met 'n voornaamwoord om besit aan te dui. Die voorbeelde is legio en word veral in mondelinge kommunikasie waargeneem. Die volgende is voorbeelde daarvan:

Ou Jan het die donkies gaan haal. Hy se donkies dwaal rond.

Sarel het hom se ryding rooi gevef.

Toe Marie haar se trui aantrek, ...

Hy skryf toe met hom se pen.

Die bakkie is vol gelaai. Hom se aste sleep op die grond.

Jannie het by hom se ouers toestemming gevra.

Ons se sondes ...

Ons se kinders ...

Links (1989:81) sê dat een van die opvallendste verskille tussen Standaardafrikaans en die Namakwalandse streekuitspraak die gebruik van die besitlike voornaamwoord is. Bogenoemde voorbeelde sal in standaardtaal soos volg daar uitsien:

Namakwalands

Hy se donkies

Hom se ryding

Marie het haar se trui ...

Ons se sondes

Standaardafrikaans

Sy donkies

Sy ryding

Marie het haar trui ...

Ons sondes

Die bakkie is volgelaai.

Hom se aste ...

Sy aste ...

Wat se (en nie se nie) wat in die spreektaal ook as vraende voornaamwoord voorkom, wat hier as betreklike voornaamwoord gebruik word:

Ons bekyk hom so om te sien wat se soort hy is.

Sien jy wat se deurbraak gemaak is.

Kan jy nou sien wat se groot slang dit is.

Ek weet nog nie wat se vervoer ons sal gebruik nie.

Wat se oefening moet ek doen?

Die dokter kyk wat se siekte hy het.

Voegwoorde

Nie so prominent nie, maar tog frekwent, was die vervanging van voegwoorde. So is of as voegwoord vervang deur as

Namakwalands

Standaardafrikaans

Hy vra as ons kon kyk

Hy vra of ...

Ek wonder as ons 'n geleentheid ...

Ek wonder of ...

Dit is egter veral die voegwoord omdat wat dikwels vervang word deur oor of om.

Hy was kwaad oor dit so gou oor was.

Ons kon nie kom nie oor die rivier vol was.

Hy het 'n ongeluk gemaak oor hy so vinnig ry.

Ons het so besluit om ons lanklaas daar was.

Jy word vervolg om jy 'n misdaad gepleeg het.

Voorsetselgebruik

Baie gevalle is gevind waar afwykende voorsetsels of geen voorsetsel nie gebruik is:

Ons vra na 'n pawiljoen.

Die geweer was reguit vir dood gerig.

Ek verlang Koos.

Ek verlang my ouers.

Ons het elfuur gespeel.

Ek staan so dat ek die see kan kyk.

Opvallende woordgebruik

tokke (rugbystewels)

doodsyfer

met die tyd (mettertyd)

televisies

skollegoed

meerder (meer)

nogals (nogal)

ontmoontlik

van dit (daarvan)

na dit (daarna)

Links (1989:26) sê dat die reduceer van klanke en sillabes buite woordaksent baie frekwent voorkom. Hierdie is 'n tipiese uitspraakverskynsel van die Namakwalanders wat ook frekwent in die klaskamer aangetref is.

Namakwalands

grus

Standaardafrikaans

gerus

gloop	geloop
bloof	beloof
trug	terug
graas	geraas
ooral	oral
soentoe	soontoe
toetaal	totaal
liksensie	lisensie

Uitdrukkings

Die Namakwalandse sê 'n ding soos hy hom sien. Veral die tipies Namakwalandse uitdrukkings en idiomatiese "taalskeppings" toon die beskrywende en beeldende krag van hierdie streektaal wat hom dan duidelik van ander dialekte onderskei. Hierdie uitdrukkings het veral gedurende mondelinge kommunikasie in die klaskamer voorgekom. Alhoewel hierdie uitdrukkings nie een aan die standaarduitspraak vir Afrikaans voldoen nie, is dit tog beskrywend genoeg en nie noodwendig verkeerd nie:

Hulle roep my Griet. (noem)(Engelse invloed)

Ons moes later geepad het.

Ek het al tranend in die water gegryp om sy arm te kry.

Hy het gedood.

Dit sal nogals interessant wees.

Dit het nogals klewerige pote.

Hy doen afskeid van sy vriende.

Hy het my sleggesê en als.

Na ontbyt en als het ons ...

Draaitydtelling (rustydtelling)

As ek altyd iets verkeerds gedoen het ...

Ek wil saam met Meneer praat. (wil meneer spreek)

Ek wil graag 'n roomys het.
Ek is nie heelwat lus nie. (juis)
Ek soek dit nie. (wil dit nie hê nie)(Afrkatale invloed)
Ek moet eenkant van alle geraas wees. (ver)
Ek was alleen wat hom gehoor het. (al een)
Hy steek die bakkie teen die hoog verby. (hoogte)
Oortreders sal diep vervolgt word. (ernstig)
Ek was heel op my senuwees. (baie)
Hy was reeds vort daarmee. (weg)
Ek wil u bevraag. (vrae vra)
Neem onse standpunte ook in ag.
Jy moet jou sleg duikgewoontes los.
Hy het ons beveel om te uit.

Die volgende voorbeelde met so is baie algemeen en duidelik anglisties:

So waarom doen julle dit?
Ek is baie moeg, so ek is nou op pad bed toe.
Sy het gaan sit, so ek neem aan sy gaan lank bly.
Dit raak nou winter, so ons trek nou truie aan.
Ek het nie die werk gedoen nie, so?

Idiomatiese "taalskeppings" wat eie aan Namakwaland is.

Hier volg 'n klompie sêgoed wat eie is aan die Namakwalanders en dit dikwels in mondelinge kommunikasie in die klaskamer waargeneem is:

As iemand iets baie goed kan doen, word gesê hy is breekwater.
As iemand 'n storie vertel wat waarskynlik nie waar is nie, sê die Namakwalanders:
Moet dan nie!

Hy het 'n boepens soos 'n potbrood.
 'n Vet mens lyk soos 'n sleggetrapte wolbaal.
 Ek gaan vanaand uitstap. (uitgaan)
 Ek gaan na die dans optrek.
 Moenie vir jou perkaatlik hou nie. (snaaks)
 Hy ry die porseleinskoeter. (naar en vomeer oor die toilet)
 Hy is so taai soos goue stroop op 'n koue môre. (is bot)
 Plankpens gaan lê (honger gaan slaap)
 Hy het vleis gevat (vet geword)
 suipkjênd (drink nog aan sy ma)
 penspot (swartpot)
 ge-ou (gee wat jy geskuld het)
 Hy gaan sandkooi toe (gaan dood)
 Hy gaan die houtpak aantrek (dood - in die kis)
 Sit 'n bord op (speel 'n plaat)
 vasmaakding (tou)
 kê - koppie (opgeskote kind)
 Jou mond in 'n krul sit vir kos (hou nie daarvan nie)
 kanariekuite (dun kuite)
 komstaanslag (motor of fiets stop)
 Hy het kopnaat (is slim)
 Uitstaankruis soos 'n trolliestoter (breë heupe)
 verlê lat ons eensaam staan (iemand wat moet weggaan)

Hulpwerkwoorde

Hulpwerkwoorde word oormatig ingespan en dieselfde hulpwerkwoord word soms in een sin herhaal:

Ek sal wil graag in een van daardie huise wil bly.

Ek het besluit ek wil Klawer se rigting toe gaan draf.

As jy wil alle soorte skulpe wil sien, moet jy Doornbaai toe gaan.

Ek sal wil graag hierdie berg gaan uitklim.

Die gebruik van was (is) om die passief in die verlede tyd uit te druk:

Daar was baie foto's geneem.

Toe ek op die dorp kom was ek reguit na Mc Donald toe.

Iets wat nie in die eerste helfte gesien was nie.

Die wedstryd was deur die plaaslike klub aangebied.

Die vandisie was op Voordraai gehou.

Die oormatige gebruik van toe:

In aansluiting by Links (1989:75) sien ons die hoë gebruiksfrekwensie van toe as bindwoord.

In Standaardafrikaans het toe dikwels 'n tydsaanduidende betekenis. Hier volg 'n paar voorbeelde:

Ek was toe bos toe.

Toe ek met haar begin praat, toe raak sy rustig.

Toe kom sy na my toe.

Toe ons daar aankom toe pak ons uit en toe begin ons kosmaak.

Toe kom Jan daar aan en toe gesels ons eers.

Omgekeerde woordorde (inversie)

'n Interessante verskynsel in die Namakwalander se taalgebruik is die gebruik van omgekeerde woordorde. Moontlik het hierdie gebruik iets te doen met klemplasing op die kernwoord in die sin:

Jy moet die band in jou hou vas.
Jy moet die koppie hou vas.
Hou vas gou hier sodat ek ...
Jy kan jou kiere hier maak staan.
Ons het Kosie eers maak lê en toe gedokter.
Hy het my gemaak sit voordat hy wou luister.

Dit is duidelik uit die bespreking in hierdie hoofstuk dat die taalgebruik (dialek) van die Namakwalandse afwyk van Standaardafrikaans. Dat die Namakwalandse dialek karakteriserend is van die mense wat in die streek woon en dat die dialek eintlik verrykend bydra tot die omvang van die geheelsisteem Afrikaans, is egter ongetwyfeld ook waar. Dit lyk of 'n bi-dialektiese benadering in die onderwys van waarde sal wees. Hierdie benadering behels, volgens Van de Rheede (1994:172), die erkenning van die standaardvorm én die taalvariëteit van die kind. Onderrig geskied in die standaardvorm sonder 'n poging om die kind se taalvariëteit uit te skakel. Die kind se taalvariëteit word gerespekteer en geleenthede word geskep om die kind aan te moedig om hom in albei taalvariëteite uit te druk. In dié proses word die kind bewus gemaak van die ooreenkomste en verskille tussen die taalvariëteite.

HOOFSTUK 4

Interpretasie en bevindings

Die Namakwalandse dialek soos in die vorige twee hoofstukke bespreek, is sprankelend, gevat en snedig, andersyds robuus, viriel, stroewig en nie altyd fatsoenlik nie. Geen taalkommissie kan werklik vaste reëls in verband met die taal vaslê nie; mense besig die taal soos dit natuurlik by hulle opkom. Dit is by uitstek die geval met die Namakwalanders - hulle taal is so beeldryk dat dit deur geen reëls gebind kan word nie (Beukes, 1994:44).

Witte (1978:109) het die volgende bevindinge gemaak wat op alle leeftydsgroepe van toepassing is:

1. Die standaardtaal kry voorkeur bo alle ander variante.
2. Die dialek word in formele situasies verwerp.

Witte sê verder dat iemand se taalgedrag beïnvloed word deur die verwagte reaksie van sy gespreksvennoot. Daar kan aanvaar word dat die spreker wel 'n goeie idee het van watter taalvariant sy gespreksvennoot van hom verwag (Witte, 1978:155). Hieruit kan daar met sekerheid gesê word dat die hoërskoolleerling in die eerstetaalklaskamer reeds 'n goeie begrip het van wat van hom of haar verwag word ten opsigte van taalgebruik.

Uit hierdie ondersoek het geblyk dat die grootste gros afwykings van die standaard te wyte is aan tipies geografies "geïsoleerde" taalgebruik. Baie van die woorde en sinskonstruksies is duidelik vorme wat geslagte lank binne die geografiese streek oorgedra word. Omdat in verhouding baie minder afwykings van die standaard in skriftelike kommunikasies teenoor mondelinge kommunikasie voorkom, is dit vir die navorser duidelik dat die leerlinge in 'n hoë mate bewus is van die standaardtaelvorm.

Linguisties is daar geen wesenlike verskil tussen taalvariëteite nie. Daar sou dus geen linguistiese grondslag wees om te beweer dat 'n saak in een dialek beter uitgedruk kan word as

in 'n ander dialek nie. Enige vak sou dus in enige taalvariëteit aangebied kan word. Daar is geen rede waarom wiskunde (bv.) nie in Namakwalandse Afrikaans onderrig kan word nie (Van De Rhee, 1994:169). Kroes (1995:175) maak egter die gevolgtrekking dat sterk oorweging geskenk moet word aan die behoud van die standaardvariëteit in die onderrigsituasie.

Alhoewel heelwat afwykings van die standaardtaal in die taalklaskamer waargeneem is, het die navorser bevind dat die Namakwalandse streektaal nie die hoërskoolleerlinge van dié streek ten opsigte van Afrikaans Eerste Taal meer benadeel as die streektaal van ander geografiese streke binne die Wes-, Noord- of Oos-Kaap nie.

BRONNELYS

Bell, R. 1976. Sociolinguistics. London: Batsford.

Beukes, Haide,. 1994. Uitdrukings en segswyses uit Namakwaland. *Die Kultuurhistorikus*, vol 9 (1): 43 - 50 Junie 1994.

Botha, T.J.R. 1984. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica.

Carstens, W.A.M. 1991. Inleiding tot die sosiolinguistiek I: Sosiolinguistiek en die verskynsel van heterogeniteit. *Tydskrif vir Taalonderrig*. Jaargang 25 nr. 3. September .

Carstens, W.A.M. 1992a. Inleiding tot die sosiolinguistiek II: Die konteks as bepalende faktor in die sosiolinguistiek. *Tydskrif vir Taalonderrig*. Jaargang 26 nr. 1. April 1992.

Carstens, W.A.M. 1992b. Inleiding tot die sosiolinguistiek III: Die invloed van die pragmatiese konteks op sosiolinguistiese studies. *Tydskrif vir Taalonderrig*. Jaargang 26 nr. 2. Julie 1992.

Carstens, W.A.M. 1993. Inleiding tot die sosiolinguistiek IV: Die ontwikkeling en onderskeiding van Afrikaans se standaardvariëteite. *Tydskrif vir Taalonderrig*. Jaargang 27 no. 2. Julie 1993.

Chambers, J.K. and Trudgill, P. 1980. Dialectology. Cambridge: Cambridge University Press.

Claassen, G.N.& Van Rensburg, M.C.J. 1983. Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikans. Pretoria: Academica.

- Coetzee, A.E. 1982. 'n Heroriëntering van die begrip standaardtaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 22(4):271-289, Desember 1982.
- De Klerk, W.J. 1968. Die aard van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.
- De Vries, J. 1984. Factors affecting the survival of linguistic minorities. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, vol. 5 (3 en 4). 1984.
- DuPlessis, H. 1984. Gewete van glas. Kaapstad: Human & Rosseau.
- Du Plessis, H. 1988. Variasietaalkunde. Pretoria: Serva
- Du Plessis, A. 1994. Ons vat Afrikaans se pad. *Rooi Rose*, 21 September 1994.
- Goosens, J. 1977. Inleiding tot die Nederlandse Dialectologie. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Hagen, A. 1981. Standaardtaal en dialekspreekende kinders. Muiderberg: Coutinho.
- Kroes, H. 1995. Die debat oor die gebruik van standaardtaal in die onderwys. *Tydskrif vir Taalonderrig*. Jaargang 29 nr. 4. 1995.
- Labov, W. 1972. Sociolinguistic Patterns. Philadelphia: University Press.
- Links, T.H. 1992. Afrikaans: die huis met vele wonings. Referaat te Leiden. 23 en 24 Junie 1992.
- Links, Tony. 1989. So praat ons Namakwalanders. Kaapstad:Tafelberg.

- Louw, S.A. 1975. Afrikaanse Taalatlas. Nuwe Reeks I. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Louw, S.A. 1948. Dialekvermenging en taalontwikkeling. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Louw, S.A. 1941. Taalgeografie. Pretoria: van Schaik.
- McIntosh, A. 1952. An Introduction to a survey of Scottish Dialects. New York: Nelson.
- Meiring, B.A. 1986. Dialektologie en Sociolinguistiek. Pretoria: UNISA.
- Milroy, J. & Milroy, L. 1991. Authority in language: Investigating language prescription and standardisation. London: Routledge.
- Odendal, F.F. 1984. Die Toekoms van Afrikaans. (In Prinsloo, K.P. en Van Rensburg M.C.J. Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms.) Pretoria: HAUM.
- Odendal, F.F. 1992. Standaardafrikaans en Statusafrikaans. *Aambeeld* 20 (1). Junie 1992.
- Ohley, R. 1988. Sociolectal divergence in dialectometrics. *S.A. Tydskrif vir Afrikatale*, vol 8 (1). Februarie 1988.
- Pietersen, L. 1976. Taalsociologie: minderheden, tweetaligheid, taalachterstand. Groningen: Willink.
- Prinsloo, K. en Van Rensburg, M.C.J. 1984. Afrikaans: stand, taak, toekoms. Pretoria: Opvoedkundige Uitgewery.
- Rundle, S. 1994. Language as a social and political factor in Europe. London: Faber en Faber.

Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie Taal*. Kaapstad: Tafelberg.

Van de Rheede, I. 1994. Afrikaans in die onderwys. *Tydskrif vir Taalonderrig*. Jaargang 28 nr. 2. 1994.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1982. *Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.

Van Leuvensteijn, J. 1992. *Dialect and Standard Language*. Amsterdam: North-Holland

Van Schalkwyk, D.J. 1983. *Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-basters*. Johannesburg: RAU.

Van Wyk, E.B. 1992. The concept standard language. *SA Journal of African Languages*, Supplement 1 (1992):12,p23-24.

Webb, V.N. & De Villiers, A. 1985. *Standaardafrikaans: Chomskities of Laboviaans*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Witte, E. 1978. *Taal en sosiale integrasie*. Brussel: Vrije Universiteit Brussel